EMERGENCY NUMBERS

24 HOUR EMERGENCY NUMBER (VSC)	0860 123 VSC
Control Room	0860 123 872
Office (08h30 - 16h30)	021 981 3303
All emergency services (COCT)	107
Ambulance	10-177
Police Station	
Brackenfell	021 980 5700
SAPS Sector Policing	
Sector 1 (Vredekloof)	082 302 5682
Power Failures	0800 220 440
Water Services	0860 103 054

Partly Sponsored by:

BRACKENFELL
Kantoor 021 982 0910
www.rawson.co.za
Think yellow.
RAWSON Properties

LANDLORD's RIGHTS

The term "Landlord" is defined as an owner of real property, or his / her duly authorised agent, who leases his / her property to a tenant under a lease agreement. The "Landlord" has the following rights:

1. To receive prompt and regular payments of rental or other charges as agreed upon in the lease agreement.
2. To receive the property back from the tenant at the end of the lease period in a good state of repair (fair wear and tear excepted).
3. To have the possession of the premises after the expiration of the lease.
4. To claim compensation for damages to the property caused by the tenant.
5. To terminate the lease, provided that the grounds for termination:
   - Do not constitute an unfair practice
   - Are specified in the lease agreement.

Janine Swart
082 873 2183
janineswart@rawson.co.za

Nuusbrief
No 2
April 2010

News Letter
Nr 2
April 2010

VREDEKLOOF COMMUNITY IMPROVEMENT DISTRICT

Tel 021 981 3303 - e-mail: manager@vredekloof.co.za - www.vredekloof.co.za

Goeie "Buurmanskap"!

Die Beheerkamer ontvang feiltlik daagliks klagtes van inwoners wat wissel van honde wat aanhoudend blaf, 'n haan wat ontydig kraai, harde musiek in die middel van die nag, mense wat jaag in die strate en veral stoptekens ignoreer, ens. ens.
Dit gebeur ook dikwels dat die arme persoon aan diens, hetsy in die beheerkamer wat die telefoonoproep ontvang, of die Reaksie Offisier wie aan die deur gaan klop, dit dan moet ontgeld. In beide gevalle is dit onbillik.

Die funksie en mandaat van die Vredekloof Verbeteringsdistrik en die sekuriteitspersoneel is nie "wetstoepassing" nie, maar kan ons dit net soos in die geval van 'n dooie straatlig of 'n waterpyp wat gebars het, op u versoek aan die betrokke gesag wie daarmee handel, rapporteer.

Dit is juis hier waar goeie "buurmanskap" die lewe vir almal baie aangenamer kan maak. 'n Goeie buurman sal:

- sy bure inlig (of uitnooi) indien hulle 'n partydjie beplan
- op 'n skaflike tyd die musiek afsit
- sy honde stilmaak indien hulle aanhoudend vir niks blaf nie
- aanbied om na sy buurman se honde te kyk indien hulle weg is
- 'n voorbeeld stel vir ander (en veral vir ons kinders) deur sommer net die basiese verkeersreëls te gehoorsaam
- begrip te hê indien my buurman aanbou en hy sy voertuie vir 'n dag of twee in die straat moet parkeer.

Goeie "buurmanskap" is ook 'n uitbreiding van ons sekuriteit deurdat ons sal weet dat die bure nie 'n nuwe TV sou laat aflewer het nie, want hulle is met vakansie. Meld dus enige situasie of optrede wat abnormaal mag voorkom, onmiddelik by die Beheerkamer aan.

Crime

Although we still have a couple of crime incidents, we can count ourselves lucky for not having had an armed robbery, like the family in Sonstraal Heights, of which the TygerBurger reported on.

Our security personell still report, almost on a daily basis, incidents of a safety and security risk whereby residents leave their car parked outside, unlocked, garage doors open and even the security gate open and unlocked.

It is a fact that crime incidents can be attributed to activities such as building and other, when "outside" contractors /

Vredekloof Safe and Clean
0860 123 VSC

individuals enter your area. For instance Builders are normally long enough in the area to know your exact movements i.e. at what time people leave, at what time they return and at which houses in a certain area, nobody is at home during the day. Any suggestions to deal with this to avoid crime will be welcomed and can be e-mailed to manager@vredekloof.co.za or faxed to 088 021 9815591.

"Goedgekeurde" diensverskaffers

Een van die maniere om misdaad in jou omgewing te verminder is om te weet wie in jou omgewing werk.

Ons is dus van plan om 'n databasis van "goedgekeurde" diensverskaffers op te bou. 'n "Goedgekeurde" diensverskaffer sal bv. aan die volgende vereistes moet voldoen:

- aanbeveel word deur 'n inwoner van Vredekloof wie reeds van sy dienste gebruik of voorheen gebruik gemaak het (hoe meer verwysings hoe beter)
- kontakbare verwysings kan verskaf
- werkers met ID-dokumente identifiseer
- toesighouding sal noodsaaklik wees

Diensverskaffers kan bv. teen 'n minimale fooi op ons webtuiste gelys word. Inwoners kan ook kommentaar lewer en enige negatiewe insidente kan 'n kontrakteurder diskwalifiseer as 'n "goedkeurde" diensverskaffer.

Ook enige voorstelle deur inwoners in hierdie verband sal waardeer word.

New Property Tax Rates

The new valuations will have no effect on your Improvement District levy.

One must understand that although the levy is based on the value of your property, the budget for the Vredekloof CID has been approved by Council for the next 3 years. This means that The City can only collect the levies according to what is budgeted for. Therefor your CID levy will not increase due to a general increase in property valuations, but only due to an increase in the budget, normally on the 1st of July of every year.

The City of Cape Town's 2009 General Valuation Roll (GV2009) was certified by the City Manager on 29 January 2010, and is now open to public inspection and objection. We would like to remind you that the public inspection and objection period closes on 30 April 2010.

Lidmaatskap van die Vredekloof CID

Ons wil graag 'n dringende beroep doen op inwoners om die vorm wat hierby ingesluit is, te voltooi en so spoedig moontlik by die beheerkamer in te handig.

Die vorm bestaan uit twee bladsye waarvan die 1ste blad vir die eienaar is. Dit is dus baie belangrik dat indien u nie die eienaar is nie, u hierdie bladsy aan die eienaar moet besorg om te voltooi, tensy u volmag het om dit namens hom te doen. Dit dien as 'n aansoekvorm om lidmaatskap van die Artikel 21 Maatskappy en as lid sal die eienaar dus geregtig wees om op die Algemene Jaarvergadering te kan stem. Dit sal ons ook instaat stel om die eienaar op hoogte te hou van enige sake van belang.
Bladsy 2 is die inligting en kontakbesonderhede van die persone wie die eiendom bewoon. Dit is net so belangrik, aangesien ons al meer male die inwoners wou kontak oor 'n moontlike risiko by hul eiendom, maar het ons nie oor die nodige kontakbesonderhede beskik nie.

Vredekloof Safe and Clean

One of the most important goals of the Vredekloof CID, is to make Vredekloof a safe neighborhood for all its residents. This is still and will stay a high priority.

In our previous newsletter we mentioned that we will start with the upgrading of our area. We will soon start with the planting of "carissa macrocarpa" (num num) and "dovyalis caffra" (kei apple) shrubs all around Vredekloof. This will improve the security and the estetics (beauty) of our area. Although it will take some time to grow, the sooner we start, the sooner we will see results.
Soon we will also start with a system whereby we will patrol on the outside of Vredekloof, the R300 servitude and the N1, due to 2 recent incidents there.

You might have noticed, that we already painted the "Vredekloof" wall and we will do some gardening there during the following couple of days.
As mentioned before, the upgrading will be an ongoing process and we therefore invite you to send us your suggestions, also regarding safety and security. The committee will consider it, if workable and implementable.

In our next newsletter we will address the issue if "illegal dumping" and the upkeep of our parks. In the meantime we ask you to please not:

- drive on the parks as it might damage the sprinklers, or
- plant any shrubs or trees on any park without permission - Council rules.

Ander sake van belang.....

Ons webtuiste sal binne die volgende paar dae in sy opgegradeerde weergawe beskikbaar wees.

Die sekuriteitspersoneel het opdrag om niks van inwoners te ontvang nie en vra ons dus u samewerking in hierdie verband. Indien u voel dat u uit dankbaarheid wel iets wil gee, dan moet u dit liewer by die Beheerkamer afgee, waar dit op 'n regverdige basis verdeel kan word. Die sekuriteitspersoneel word ook aan streng reëls onderwerp en vreemde produkte in hul bagasie / persoon, kan hulle onderwerp aan onnodige suspisie.
Indien u sou belangstel om betrokke te raak by 'n projek waarby u af en toe 'n bord kos of kospakkie beskikbaar kan stel, skakel gerus met Leon Brynard by Tel. 021 981-3303 of stuur 'n e-pos na manager@vredekloof.co.za. Hy sal dan 'n vergadering belê met belangstellendes om die projek te bespreek.

Alle klagtes en probleme, veral rakende die sekuriteitspersoneel, moet asseblief onmiddelik per telefoon of e-pos aan Leon Brynard gerapporteer word. Dit is soms moeilik om dae later 'n probleem aan te spreek. U word ook vriendelik versoek om nie probleme direk met die personeel aan te spreek nie. Rapporteer dit en ons onderneem om die toepaslike aksie vir elke situasie te neem.

Voorsien ons asseblief van u voorstelle per e-pos, faks of aflewering by die Beheerkamer.